• *Besighede [16 en meer panne]*	68.34	72.44	77.51	90.00

• *Hotelle, B&B's en Gastehuise*	78.11	82.80	88.60	90.00
• *Skole en Koshuise*	78.11	82.80	88.60	90.00
• *Kerke en Sosiale Diens-organisasies*	66.04	70.00	70.00	70.00

.03 Septiese Tenk

• *Basiese heffing - Vaste koste per maand*	29.29	31.05	33.22	36.00
• *Per diens-aanvraag - Vooruitbetaalbaar*	39.05	41.39	44.29	50.00
• *Vervoerkoste - buite dorpsgebied - per kilometer*			6.00	7.00

.04 Diverse Tariewe

• *Aansluiting van diens*	600.00	700.00
• *Verstoppings - diens gelewer op privaat eiendom*		
Werktyd - koste per uur [minimum 1 uur]	230.00	250.00
Na-ure - koste per uur [minimum 1 uur]	460.00	500.00

6. STADSBEPLANNING & BOUBEHEER

6.1 Aansoekfooie

• *Hersonering / Vergunnisgebruik [per geval]*	715.00	715.00
• *Onderverdeling - tot 20 erwe - per erf tot 20*	150.00	150.00
• *Onderverdeling - meer as 20 erwe - per erf bo 20*	15.00	15.00
• *Afwykings*	290.00	290.00
• *Afwykings - Boulyne / Art. 15(1)(a)(ii) [per geval]*	440.00	440.00
• *Afwyking - Sygrensboulyn / straatgrensboulyn [klein werke]*	290.00	290.00
• *Afwyking - Straatgrensboulyn [hoofstruktuur]*	970.00	970.00
• *Oorskryding - Sygrensboulyn*	970.00	970.00
• *Oorskryding - Straatgrensboulyn*	2 300.00	2 300.00
• *Oorskryding - Hoogtebeperking [ekstra verdieping]*	3 850.00	3 850.00

6.2 Bouplanfooie

	m^2		
• *Kleinwerke: Afdak, swembad, grensmuur, sloping ens*		250.00	250.00
• *Bou van nuwe woonhuis / Aanbou op bestaande woonhuis - tot*	31	250.00	250.00
	31 - 40	320.00	320.00
	41 - 50	400.00	400.00

	51 - 60	480.00	480.00
	61 - 70	560.00	560.00
	71 - 80	640.00	640.00
	81 - 90	720.00	720.00
	91 - 100	800.00	800.00
	101 - 125	1 000.00	1 000.00
	126 - 150	1 200.00	1 200.00
	151 - 175	1 400.00	1 400.00
	176 - 200	1 600.00	1 600.00
	201 - 225	1 800.00	1 800.00
	226 - 250	2 000.00	2 000.00
	251 - 275	2 200.00	2 200.00
	276 - 300	2 400.00	2 400.00
	301 - 400	2 800.00	2 800.00
	400 - 500	3 500.00	3 500.00
	501 plus	5 000.00	5 000.00

6.3 ***<u>Diverse Boubeheer Fooie</u>***

• *Oorskrydingsfooi*	440.00	440.00
• *Gas Installasies*	100.00	100.00
• *Oprigting van Advertensieborde*	200.00	200.00
• *Bouers deposito vir huise [Boete: Deposito-verbeuring plus verwyderingskoste]*	1 000.00	1 000.00
• *Bouers deposito vir ander*	2 500.00	2 500.00
• *Hernuwingsfooie Minimum (50% van Aansoekfooi)*	250.00	250.00
• *Industriële planne (ongeag grootte)*	8 000.00	8 000.00
• *Ander sonerings bv. Besighede*	12 500.00	12 500.00
Motoringange:		
• *Sak van randstene (per meter)*	100.00	100.00
• *Maak van inrit (enkel en dubbel)*	315.00	315.00
Huur van verligte advertensietekens:		
• *Per maand*	50.00	50.00
Huur van toerisme tekens:		
• *Eerste bord per jaar*	120.00	120.00
• *Addisionele borde per jaar*	60.00	60.00

7. ***GEMEENSKAPSFASILITEITE***

7.1 Munisipale Sale & Toerusting

.01 Deposito's - Geen BTW

• *Sleutels*	62.00	65.00
• *Skoonmaak*	62.00	65.00
• *Huur van Stoele [per 100 of gedeelte daarvan]*	100.00	100.00
• *Sosiale vergaderings, uitstallings en kerkbyeenkomste*	123.00	120.00
• *Funksies, konserte, basaar, matriek-afskeid ens.*	185.00	200.00
• *Troues en onthale*	247.00	250.00
• *Huur van tafels - per geleentheid*	250.00	250.00
• *Publieke danse*	370.00	400.00

.02 Gebruik deur Diensorganisasies - Sonder Deposito

• *Geregistreerde sosiale- en welsynsorganisasies - per geleentheid*	72.00	80.00
• *Polisieforum, Ballroom-groep en Dienssentrum (per maand / vooraf reëling)*	110.00	120.00

.03 Openbare Byeenkomste

• *Kerkbyeenkomste*	29.00	30.00
• *Vergaderings*	144.00	150.00
• *Funksies, konserte, basaar, matriek-afskeid ens.*	144.00	150.00
• *Uitstallings*	321.00	300.00

.04 Danse & Soortgelyke Byeenkomste

• *Troues en onthale*	289.00	300.00
• *Publieke danse*	289.00	400.00

.05 Huur van Toerusting

• *Tafels - per tafel, per geleentheid*	16.00	16.00
• *Stoele - per stoel, per geleentheid*	5.00	5.00

7.2 Swembaddens

• *Kinders - per dag*	5.00	5.00
• *Volwassenes - per dag*	10.00	10.00

7.3 Begraafplaas

.01 Graftpersele & Grafte Bou - Geen BTW

• *Grafpersele*	200.00	200.00
• *Huur van lugdrukboor - per uur*	65.00	70.00
• *Enkelgraf uitbou*	1 225.00	1 300.00
• *Dubbelgraf uitbou*	1 960.00	2 000.00

.02 Diverse Dienste

• *Verkoelingsdienste (Lykshuis) - Eerste dag*	55.00	50.00
• *Verkoelingsdienste (Lykshuis) - per dag daarna*	25.00	30.00
• *Oopmaak van Graf*	650.00	700.00

7.4 Gesondheidsdienste

• *Vleis-inspeksies - Ladismith [per maand]*		790.00	
• *Vleis-inspeksies - Ander areas*	Werklike koste plus	30%	

8. DIVERSE AANGELEENTHEDE

Waardasiesertifikaat			80.00
Uitklaringsertifikaat			80.00
• *Deernisgevalle - Tarief verminder na 10% van standaard waardasie- of uitklarings-fooi*			
Fotostate (Munisipale Kantore)	*A4 afdruk*		5.00
	A3 afdruk		9.00
Fotosate (Biblioteek)	*A4 afdruk*		0.50
	A3 afdruk		1.00
Fakse	*Per bladsy*		10.00
Naslaanfooi	*Per geval*		15.00
Tender dokumentasie fooi	*Per geval - soos geadverteer*		200.00

9. DEERNISHULP SUBSIDIE

9.1 Kwalifiserende Vereistes

• *Bruto huishoudelike inkomste per maand: Maksimum*		1 880.00	2 000.00
• *Oorweging van alle gevalle per aansoek*			
• *Kontrolering van aansoeke deur evalueringskomitee*			
• *Grensgevalle sal op meriete oorweeg word*			

9.2 Subsidie Vlakke

• *Maksimum subsidie per diens, per huishouding, per maand*			
• *Gemeterde dienste: Slegs vir konvensionele meters*			
• *Elektrisiteit*	*[2009/10 = Basies plus Aanvraag @ 10A]*	28.11	50.00
• *Water*	*[Maandelikse basies]*	23.92	20.00
• *Vullisverwydering*		70.94	75.00
• *Riolering*		85.43	90.00

9.3 Gratis Basiese Kommoditeite

• *Hoeveelheid eenhede gratis voorsien, per maand*		
• *Elektrisitei - kWh*	50	50
• *Water - kl*	6	10

9.4 Eskom Subsidie

• *Alle geregistreerde deernisgevalle in Zoar en Vanwyksdorp word via Eskom gesubsidieër.*	
• *Elektrisitei - kWh*	*Maandelikse eenhede in lyn met Nasionale norm deur Eskom toegepas*

KANNALAND MUNISIPALITEIT

KAPITAAL BEGROTING 2009-2010

PROJEK BESKRYWING	HERSIENE 2008/2009	BRON VAN FINANSIERING: BEGROTING 2009/2010	EKSTERNE LENING	SKENKING	EIE FONDSE	OPMERKING
WYK 1: ZOAR / HOEKO						
Vloedskade - Zoar Brug en Waterpynlyn	1 600 000			0		MIG Vloedskade
Totaal	***1 600 000***	***0***	***0***	***0***	***0***	
WYK 2: CALITZDORP						
Geproklameerde paaie	600 000					Departement vervoer en openbare werke
Droogtehulp (1x water trok)	500 000					DWAF
Intergrale behuising	3 059 000	3 827 000		3 827 000		DPLG (WC)
Sportgronde	275 000					Sport en Rekreasie
Calitzdorp Watervoorsiening	2 600 000					Eden
Bergsig paaie		7 160 000		7 160 000		MIG
Totaal	***7 034 000***	***10 987 000***	***0***	***10 987 000***	***0***	
WYK 3: CALITZDORP - LANDELIK EN VAN WYKSDORP						
Behuising vir plaasarbeider	100 000					MIG
Sportgronde	275 000					Sport en Rekreasie
Totaal	***375 000***		***0***	***0***	***0***	
WYK 4: LADISMITH DORP						
Reabilitasie van Damme afloop stroke	2 800 000					MIG Vloedskade
Sportgronde						Sport en Rekreasie
Droogtehulp (1x water trok en boorgate)	1 500 000					DWAF
Opgradering van Pad - Ladismith Kaas	900 000					MIG Vloedskade
Opruiming van Stormwaterstelsel	319 000					
Herseël van paaie		537 000		537 000		Departement vervoer en openbare werke
Totaal	***5 519 000***	***537 000***	***0***	***537 000***	***0***	
WYK 5: LADISMITH - NISSENVILLE EN LANDELIK						
Reabilitasie van Paaie en stormwater	7 200 000					MIG Paaie
Reabilitasie van die Le Grange dam	2 000 000					Eden
Installasie van SMART elektrisiteits meters		4 000 000		4 000 000		Elektrisiteits-Aanvraagbestuur (EDSM)

Totaal	***9 200 000***	***4 000 000***	***0***	***4 000 000***	***0***
Totale Kapitaal begroting	**23 728 000**	**15 524 000**	**0**	**15 524 000**	**0**

KANNALAND MUNISIPALITEIT

BEGROTING / BUDGET 2009 - 2010

RAADSLEDE EN SENIOR AMPTENARE :

SALARISSE EN TOELAES

	Amp		Totale Paket Per Jaar	Selfoon Toelaes	Totaal Per Jaar	Groot Totaal Per Jaar
1	Uitvoerende Burgemeester	Raadslede	544 000	17 900	561 900	561 900
2	Uitvoerende Onder Burgemeester	Raadslede	435 200	17 900	453 100	453 100
3	Speaker van die Raad	Raadslede	435 200	17 900	453 100	453 100
4	Raadslede (6)	Raadslede	163 200	11 200	174 400	1 046 400
						2 514 500
	Posisie Beklee		**Totale Paket Per Jaar**	**Prestasie Bonus**	**Totaal Per Jaar**	**Groot Totaal Per Jaar**
5	Munisipale Bestuurder	Amptenare	868 000	95 225	963 225	963 225
6	Direkteur Tegniese Dienste	Amptenare	694 000	76 080	770 080	770 080
7	Direkteur Koporatiewe Dienste	Amptenare	694 000	76 080	770 080	770 080
8	Direkteur Finansiële Dienste	Amptenare	694 000	76 080	770 080	770 080
						3 273 465
	Totale Bedrag : Raadslede en Amptenare					**5 787 965**

MUNISIPALITEIT KANNALAND

BELEID INSAKE KLANTESORG, KREDIETBEHEER

EN

SKULDINVORDERING

AANHEF

Nademaal artikel 96 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, 2000 (Wet Nr 32 van 2000) vereis dat 'n munisipaliteit 'n kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid moet aanneem, instand hou en implementeer;

En nademaal artikel 97 van die Stelselwet voorskryf waarvoor daar in die beleid voorsening gemaak moet word;

Nou derhalwe aanvaar die Munisipale Raad van Munisipaliteit Kannaland die volgende Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid:

INHOUDSOPGAWE

1.	WOORDOMSKRYWINGS	3
2.	DOEL VAN BELEID	6
3.	BEGINSELS VAN BELEID	7
4.	PLIGTE EN FUNKSIES	8
5.	PRESTASIEBEOORDELING	12
6.	VERSLAGDOENING	13
7.	KLANTESORGBELEID	14
8.	KREDIETBEHEERBELEID	22
9.	SKULDINVORDERINGSBELEID	26
10.	KORT TITEL	30

MUNISIPALITEIT KANNALAND

KREDIETBEHEER- EN SKULDINVORDERINGSBELEID

1. WOORDOMSKRYWINGS

Vir die doeleindes van dié beleid, sal die bewoording of enige uitdrukking dieselfde betekenis hê as wat in die Wet vervat word behalwe waar dit duidelik anders aangedui word en beteken:–

1.1 *"bewoner"* enige persoon wat enige eiendom of gedeelte daarvan bewoon, sonder inagneming van die hoedanigheid waarin hy/sy die bewoner van die eiendom is;

1.2 *"eiendom"* enige gedeelte grond, waarvan die grense bepaal is, binne die jurisdiksie van die munisipaliteit;

1.3 *"eienaar"*:-

(a) die persoon in wie titel van die eiendom regtens gevestig is;

(b) in die geval waar die persoon in wie die titel van die eiendom regtens gevestig is insolvent of oorlede is, of aan enige vorm van wetlike diskwalifikasie onderworpe is, dié persoon in wie die administrasie of beheer van so 'n eiendom as kurator, trustee, eksekuteur, administrateur, geregtelike bestuurder, likwidateur of enige ander wetlike verteenwoordiger, gevestig is;

(c) in enige geval waar die Raad nie in staat is om die identiteit van sodanige persoon te bepaal nie, iemand wat geregtig is om voordeel uit sodanige eiendom of enige gebou daarop, te trek;

(d) in die geval van 'n eiendom waarvoor 'n huurooreenkoms van 30 jaar of langer aangegaan is, die huurder daarvan;

(e) met betrekking tot:–

(i) 'n gedeelte grond afgebaken op 'n deeltitelplan en wat geregistreer is ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986), en sonder om die voorafgaande bepalings

te beperk, die ontwikkelaar of bestuursliggaam ten opsigte van die gemeenskaplike eiendom; of

(ii) ‘n gedeelte soos gedefinieer in daardie Wet, die persoon in wie se naam daardie gedeelte geregistreer is ingevolge ‘n deeltitelakte, insluitende die wettige aangestelde verteenwoordiger van sodanige persoon;

(f) enige regspersoon insluitende, maar nie beperk nie tot:-

(i) ‘n maatskappy geregistreer ingevolge die Wet op Maatskappye, 1973 (Wet 61 van 1973), ‘n trust *inter vivos*, trust *mortis causa*, ‘n beslote korporasie geregistreer ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet 69 of 1984), en ‘n Vrywillige Vereniging;

(ii) enige plaaslike-, provinsiale- of nasionale owerheid;

(iii) enige raad of bestuursliggaam ingevolge enige wetgewing van toepassing in die Republiek van Suid-Afrika, ingestel; en

(iv) enige ambassade of ander buitelandse entiteit.

(g) in die geval van eiendom wat aan ‘n Raad behoort en waaroor daar beskik is, maar wat nie aan die persoon aan wie dit beskik is oorgedra is nie, sodanige persoon vanaf die datum van die betrokke beskikking; en

(h) in die geval van eiendom wat behoort aan of wat onder die beheer of bestuur van ‘n raad is terwyl dit onder ‘n huurkontrak of enige uitdruklike of stilswyende uitbreiding daarvan, of onder enige ander kontrak of onder ‘n serwituut of analoë reg besit word, die persoon wat die onroerende eiendom aldus besit.

1.4 *“gemagtigde verteenwoordiger”* die persoon of instansie wat wettiglik deur die raad aangestel is om namens die raad op te tree of om ‘n taak namens die raad uit te voer;

1.5 *"Hoof Finansiële Beampte"* die persoon, wat deur die raad aangestel is, in beheer van die finansies van die Raad, ongeag die ampsbenaming of titel wat aan die pos gekoppel is;

1.6 *"Ingenieur"* die persoon in beheer van die siviele en/of elektriese afdeling(s) van die munisipaliteit;

1.7 *"kliënt"* enige bewoner van enige eiendom ten opsigte waarvan die munisipaliteit ooreengekom het om dienste te versfkaf of reeds dienste verskaf, of indien daar geen bewoner is nie, die eienaar van die eiendom;

1.8 *"Munisipale Bestuurder"* die persoon wat ingevolge artikel 82 van die Munisipale Strukture Wet,1998 (Wet 117 van 1998) as sulks deur die munisipale raad aangestel is, insluitende enige persoon wat in die amp waarneem of aan wie die magtiging gedelegeer was;

1.9 *"munisipale dienste"* die dienste verskaf deur die munisipaliteit wat op die munisipale rekeningstaat verskyn en waarvoor die munisipaliteit betaling vereis;

1.10 *"munisipale rekening"* of *"rekening"* die behoorlike en formele kennisgewing by wyse van 'n rekeningstaat, aan persone wat aanspreelik is vir gelde gehef en wat die netto geakkumuleerde balans op die rekening aantoon, wat die bedrae gehef deur die munisipaliteit, of enige gemagtigde of gekontrakteerde diensverskaffer, weergee in die vorm van, maar nie beperk nie tot:-

(a) *"jaarlikse rekening"* wat jaarliks gelewer word en die heffings aandui vir eiendomsbelasting en/of bouklousule, beskikbaarheidsgelde, riolering en vullisverwydering; en

(b) *"maandelikse rekening"* wat maandeliks gelewer word en die heffings aandui vir elektrisiteit, water, diverse,

behuisingshuurgelde en –paaiemente, asook die maandelikse paaiement van jaarlikse dienste wat maandeliks afbetaal word;

1.11 *"munisipaliteit"* die instansie wat verantwoordelik is vir die invordering van fondse en voorsiening van dienste aan kliënte van Munisipaliteit Kannaland;

1.12 *"Raad"* die munisipale raad van die Munisipaliteit van Kannaland;

1.13 *"rente"* 'n heffing wat dieselfde regsvoorkeur as dienstegelde het en wat op agterstallige bedrae ten opsigte van eiendomsbelasting en diensteheffings bereken word teen 'n standaardkoers wat gelykstaande is aan 'n rentekoers wat een persent hoër is as die rentekoers wat die Raad aan sy bank moet betaal ten opsigte van 'n bankoortrekking;

1.14 *"toerusting"* 'n gebou, struktuur, pyp, pomp, bedrading, kabel, meter, masjien of enige toebehore;

1.15 *"wanbetaler"* 'n persoon wat geld ten opsigte van 'n munisipale rekening aan die munisipaliteit verskuldig is nà die vervaldatum verstryk het;

1.16 *"Wet"* die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), soos van tyd tot tyd gewysig;

2. DOEL VAN BELEID

Die doel van die beleid is om:-

2.1 'n raamwerk te voorsien waarbinne die munisipale raad sy uitvoerende en wetgewende gesag insake kredietbeheer en skuldinvordering kan uitoefen;

2.2 te verseker dat alle geld wat aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is, op ‘n finansieel volhoubare wyse ingevorder word en in die beste belang van die gemeenskap, inwoners en belastingbetalers aangewend word;

2.3 ‘n raamwerk vir klantesorg en ondersteuning aan deernis huishoudings daar te stel;

2.4 kredietbeheermaatreëls en die volgorde van stappe te beskryf;

2.5 prosedures en meganismes insake kredietbeheer en skuldinvordering te skets; en

2.6 realistiese doelwitte vir kredietbeheer en skuldinvordering daar te stel.

3. BEGINSELS VAN BELEID

3.1 Die administratiewe integriteit van die munisipaliteit moet ten alle koste gehandhaaf word. Die demokraties verkose raadslede is verantwoordelik vir beleidmaking, terwyl dit die Munisipale Bestuurder se verantwoordelikheid is om dié beleid uit te voer.

3.2 Verbruikers moet ‘n amptelike aansoekvorm invul waarin hulle die munisipaliteit amptelik versoek om hulle aan dienstoevoerlyne te koppel. Bestaande verbruikers mag van tyd tot tyd, soos bepaal deur die Munisipale Bestuurder, versoek word om nuwe aansoekvorms te voltooi.

3.3 Afskrifte van die aansoekvorm, voorwaardes van dienslewering en uittreksels uit die kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid en verordeninge van die betrokke raad moet op versoek aan elke

verbruiker oorhandig word teen gelde soos bepaal deur die raad, indien van toepassing.

3.4 Rekenings moet betyds uitgestuur word en moet akkuraat en maklik verstaanbaar wees.

3.5 Die verbruiker is geregtig op toegang tot betaalpunte en tot ‘n verskeidenheid betroubare betaalmetodes.

3.6 Die verbruiker is geregtig op ‘n goeie, effektiewe en redelike antwoord op navrae/appèlle, en mag geen nadeel ly gedurende die prosessering van ‘n redelike navraag/appèl nie.

3.7 Maatreëls om betalings af te dwing, moet flink, konsekwent en effektief toegepas word.

3.8 Ongemagtigde verbruik, aan- en afsluiting, peutering met of steel van meters, diensverskaffings toerusting en die retikulasie netwerk en enige bedrog/onwettige optrede in verband met die voorsiening van munisipale dienste, sal tot die diensopskorting, die oplegging van swaar boetes, verbeur van regte en/of openbare vervolging lei.

3.9 Beide aansporings en ontmoedigings kan in invorderingsprosedures gebruik word.

3.10 Die invorderingsproses moet kostedoeltreffend wees.

3.11 Resultate sal gereeld en doeltreffend gerapporteer en gemoniteer word.

3.12 Aansoekvorms sal gebruik word om, onder andere, verbruikers te kategoriseer na aanleiding van kredietrisiko en om diensvlakke en deposito’s vir dienste te bepaal.

3.13 Teikens/mikpunte vir prestasie in sowel klantesorg as skuldinvordering, moet gestel en nagestreef word en regstellende maatreëls vir wanprestasie moet ingestel word.

3.14 Waar dit prakties moontlik is, sal die klantesorg- en skuldinvorderingsbeleide onafhanklik van mekaar hanteer word en sal die organisasiestruktuur dit as afsonderlike afdelings aandui.

3.15 Die beginsel om dienste te verskaf in ruil vir die betaling van agterstallige skulde word ondersteun.

4. PLIGTE EN FUNKSIES

4.1 Pligte en funksies van Raad:

(a) Om ‘n begroting goed te keur wat met die raad se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan strook.

(b) Om belasting en tariewe in te stel en om dienskoste, gelde en boetes te bepaal ten einde die begroting te finansier.

(c) Om genoeg fondse te voorsien om toegang tot basiese dienste vir die armes te verseker.

(d) Om voorsiening te maak vir slegte skuld, ooreenkomstig die betaalrekord van die gemeenskap, belastingbetalers en inwoners, soos wat in die finansiële state van die munisipaliteit weerspieël word.

(e) Om ‘n teiken/mikpunt vir die verbetering van skuldinvordering te stel, ooreenkomstig aanvaarbare rekeningkundige verhoudings en die vermoë van die Munisipale Bestuurder.

(f) Om ‘n verslagdoeningsraamwerk vir klantesorg, kredietbeheer en skuldinvordering goed te keur.

(g) Om verordeninge wat uitvoering gee aan die raad se beleid, te oorweeg en goed te keur.

(h) Om die prestasie van die Munisipale Bestuurder deur middel van die toesighoudende owerheid (Komitee van die Uitvoerende Burgemeester) op die gebied van klantesorg, kredietbeheer en skuldinvordering te moniteer.

(i) Om die begroting te hersien indien die raad se teiken/mikpunt vir klantesorg, kredietbeheer en skuldinvordering nie bereik word nie.

(j) Om dissiplinêre stappe en/of geregtelike aksies in te stel teen raadslede, beamptes en agente wat nie die raad se beleid en verordeninge uitvoer nie of onbehoorlik optree in terme daarvan.

(k) Om ‘n lys prokureurs wat die raad in alle regsaangeleenthede in verband met skuldinvordering sal verteenwoordig, goed te keur.

(l) Om genoegsame bevoegdhede aan die Komitee van die Uitvoerende Burgemeester, Munisipale Bestuurder en diensverskaffers te delegeer om die voltooiing van die kliëntesorg-, kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid te monitor en uit te voer.

(m) Om genoegsame kapasiteit in die Tesouriedepartement van die munisipaliteit vir die uitvoering van kredietbeheer en skuldinvordering te voorsien, of skuldinvorderingsagente as alternatief aan te stel.

(n) Om die Munisipale Bestuurder in die uitvoering van sy/haar pligte te ondersteun.

(o) Om fondse vir die opleiding van personeel te voorsien.

4.2 Pligte en funksies van die Uitvoerende Burgemeester:

(a) Om te verseker dat die raad se begroting, kontantvloei en teikens/mikpunte vir skuldinvordering ingevolge amptelike beleid en die toepaslike verordeninge behaal en uitgevoer word.

(b) Om die prestasie van die Munisipale Bestuurder in die implementering van beleid en verordeninge te moniteer.

(c) Om beleid en verordeninge te hersien en te evalueer ten einde die effektiwiteit van prosedures, meganismes en prosesse vir klantesorg, kredietbeheer en skuldinvordering te verbeter.

(d) Om aan die raad verslag te doen.

4.3 Pligte en funksies van die Munisipale Bestuurder:

(a) Om goeie klantesorgbestuur te implementeer.

(b) Om die raad se beleid insake klantesorg, kredietbeheer en skuldinvordering te implementeer.

(c) Om ‘n toepaslike rekeningkundige stelsel in te stel en in stand te hou.

(d) Om rekenings aan klante te stuur.

(e) Om betaling op verskuldigde datums te eis.

(f) Om boetes vir wanbetalings te hef.

(g) Om betalings wat ontvang word, aan te wend.

(h) Om uitstaande skuld in te vorder.

(i) Om “Beste Praktyke” te implementeer.

(j) Om ‘n verskeidenheid betaalmetodes te voorsien.

(k) Om klantesorg-, kredietbeheer- en skuldinvorderingmaatreëls te bepaal.

(l) Om werksprosedures vir die volgende te bepaal: openbare betrekkinge, reëlings, afsluiting van dienste, dagvaardings, beslaglegging op bates, verkope in eksekusie, afskryf van skuld, diverse debiteure en regsprosesse.

(m) Om ‘n prokureursfirma of -firmas aan te stel om die regsproses te voltooi (d.w.s. beslaglegging op en verkoop in eksekusie van bates, beslagleggingsbevel ten opsigte van vergoeding, ens.).

(n) Om prestasiemikpunte vir personeel te stel.

(o) Om personeel ooreenkomstig die raad se personeelbeleid aan te stel om die raad se beleid en verordeninge uit te voer.

(p) Om sekere funksies aan departementshoofde te delegeer.

(q) Om beheerprosedures te bepaal.

(r) Om kontrakte met diensverskaffers in verband met kredietbeheer en skuldinvordering te monitor.

(s) Om aan die raad verslag te doen.

4.4 Pligte en funksies van Gemeenskappe, Belastingbetalers en Inwoners:

(a) Om sekere verantwoordelikhede na te kom wat meegebring word deur die voorreg en/of die reg om openbare geriewe en munisipale dienste te gebruik en te geniet.

(b) Om diensgelde, eiendomsbelasting en ander belastings, heffings en tariewe wat deur die munisipaliteit ingestel word, teen die vervaldatum te betaal.

(c) Om ‘n duplikaat rekening by die munisipale hulp toonbank te verkry wanneer die rekening nie gedurende die normale rekeningsiklus afgelewer word nie.

(d) Om die munisipaliteit in kennis te stel wanneer dienste nie langer by ‘n bepaalde dienspunt verlang word nie en van enige verandering in adres.

(e) Om in die uitoefening van hul regte die meganismes en prosesse van die munisipaliteit te eerbiedig.

(f) Om aan munisipale beamptes redelike toegang tot hul eiendom te verleen ten einde munisipale funksies uit te voer.

(g) Om aan die verordeninge en ander wetgewing van die munisipaliteit te voldoen.

(h) Om hulle te weerhou van peutery met munisipale dienste en eiendom.

4.5 Pligte en funksies van Raadslede:

(a) Om gereelde wyksvergaderings te hou (Wyksraadslede).

(b) Om hulle by raadsbeleid en -verordeninge te hou en laasgenoemde aan inwoners en belastingbetalers oor te dra.

(c) Om die raad se Gedragskode vir Raadslede te gehoorsaam.

(d) Om insette in verband met aansoeke deur deernis huishoudings te lewer.

(e) Om, as beleidmakers, hulle te weerhou van inmenging in die administratiewe proses.

5. PRESTASIEBEOORDELING (Bylae “A”)

Die raad moet die nodige meganismes instel om mikpunte vir skuldinvordering, klantesorg en administratiewe prestasie daar te stel, te meet en die nodige korrektiewe stappe op ‘n gereelde basis te neem ten einde kredietbeheer en skuldinvordering te bevorder.

5.1 Inkomste Invorderings Mikpunte:

Die raad moet mikpunte instel wat die volgende insluit:-

(a) ‘n Afname in die huidige toename in skuld wat in lyn sal wees met die prestasie ooreenkomste wat die raad van tyd tot tyd bepaal.

5.2 Klantediens Mikpunte:

Die raad moet mikpunte instel wat die volgende insluit:-

(a) Reaksietyd ten opsigte van navrae deur klante.
(b) Die datum waarop die eerste rekening aan nuwe klante gelewer word.
(c) Tydsverloop totdat dienste heraangesluit word.
(d) Meterleessiklus.

5.3 Administratiewe Prestasie:

Die raad moet mikpunte stel wat die volgende insluit:-

(a) Kostedoeltreffendheid van skuldinvordering.
(b) Navraag en beswaar periodes.
(c) Toepassingsmeganisme-verhoudings.

6. VERSLAGDOENING

6.1 Die Hoof Finansiële Beampte moet op ‘n maandelikse grondslag en in ‘n toepaslike formaat verslag doen aan die Munisipale Bestuurder om laasgenoemde in staat te stel om verslag aan die Uitvoerende Burgemeester, as toesighoudende owerheid in terme van artikel 99 van die Wet, saam gelees met artikel 100(c), te doen. Dié verslag moet die volgende insluit:

(a) Statistiek oor kontantinvordering inligting oor hoëvlak-skuldinvordering (aantal kliënte; navrae; wanbetalingsreëlings; groei of afname in uitstaande debiteure) toon. Waar moontlik moet die statistiek ingedeel word in wyke, sakeondernemings (handel en nywerheid), huishoudelik, regering, institusioneel en ander sodanige afdelings.

(b) Prestasie binne alle gebiede teen die teikens/mikpunte waaroor in klousule 5 van dié beleidsdokument ooreengekom is.

6.2 Indien die raad na die mening van die Hoof Finansiële Beampte nie kontantinkomste sal ontvang wat gelykstaan met die inkomste geprojekteer in die jaarlikse begroting soos goedgekeur deur die raad nie, sal die Hoof Finansiële Beampte dit met ‘n motivering aan die Munisipale Bestuurder rapporteer. Laasgenoemde sal, indien hy met die Hoof Finansiële Beampte saamstem, onmiddellik versoek dat die begroting hersien word tot realisties haalbare inkomstevlakke.

6.3 Die Uitvoerende Burgemeester, as toesighoudende owerheid, moet op ‘n kwartaallikse grondslag aan die raad verslag doen soos beoog in artikel 99(c) van die Wet.

7. KLANTESORGBELEID

7.1 Doelwit

Om te fokus op die behoeftes van die verbruiker in ‘n verantwoordbare en proaktiewe wyse ten einde die betaling van diensgelde te bevorder en om ‘n positiewe en samewerkende verhouding te vestig tussen die persone wat verantwoordelik is vir die betaling van dienste en die munisipaliteit en waar van toepassing, die diensverskaffer.

7.2 Kommunikasie en terugvoering

7.2.1 Die munisipaliteit moet, binne sy finansiële en administratiewe vermoë, jaarliks ‘n proses deurloop om ‘n begroting op te stel en aan die gemeenskap uit te dra, wat mikpunte vir kredietbeheer en skuldinvordering sal insluit.

7.2.2 Die raad se beleid, of toepaslike uittreksels daarvan, insake Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldinvordering moet in Afrikaans, Engels en Xhosa beskikbaar wees en moet deur middel van algemene publikasie en op spesifieke versoek beskikbaar gestel word, en moet ook by die raadskantore ter insae beskikbaar wees.

7.2.3 Die raad moet daarna streef om ‘n gereelde nuusbrief uit te reik waarin die kollig op klantesorg- en skuldinvorderingskwessies val.

7.2.4 Die wyksraadslede moet gereelde wyksvergaderings hou waartydens die klem op klantesorg- en skuldinvorderingskwessies val.

7.2.5 Die pers moet aangemoedig word om prominente dekking te verleen aan die raad se kwessies rondom klantesorg, kredietbeheer en skuldinvordering en moet uitgenooi word na raads- en komiteevergaderings waartydens sulke kwessies bespreek word.

7.3 Meterstelsel

7.3.1 Die munisipaliteit moet daarna streef om, binne praktiese en finansiële perke, meters vir alle meetbare dienste aan elke betalende verbruiker te voorsien.

7.3.2 Indien enigsins moontlik, moet alle meters maandeliks gelees word. Indien die meter nie op ‘n maandelikse grondslag gelees word nie, sal die raad die verbruik skat in terme van die raad se operasionele beleid.

7.3.3 Verbruikers is geregtig om versoeke oor die bevestiging van meterlesings te rig en is op meterlesings geregtig wat so akkuraat is as wat redelikerwys verwag kan word, maar kan vir die koste verbonde daaraan aanspreeklik gehou word.

7.3.4 Verbruikers sal van die vervanging van meters in kennis gestel word.

7.3.5 Indien daar ‘n meter vir ‘n diens geïnstalleer is, maar die meter weens finansiële en mannekragbeperkinge of omstandighede buite die beheer van die munisipaliteit of sy gemagtigde agent nie gelees kan word nie; en die verbruiker se rekening op die gemiddelde verbruik gebaseer word, moet die rekening wat volg op die lees van die gemeterde verbruik die verskil tussen die werklike verbruik en die gemiddelde verbruik, en die gevolglike krediet- of debietaanpassings, weerspieël.

7.4 Rekenings en fakturering

7.4.1 Verbruikers sal ‘n verstaanbare en akkurate rekening, wat alle diensgelde vir die eiendom sal konsolideer, van die munisipaliteit ontvang.

7.4.2 Rekenings sal ooreenkomstig die meterleessiklus opgestel word, en betaaldatums sal aan die datum van die faktuur gekoppel word.

7.4.3 Rekenings sal maandeliks in siklusse van ongeveer 30 dae gestuur word na die jongste adres wat by die munisipaliteit of sy gemagtigde agent opgeteken is.

7.4.4 Dit is die verantwoordelikheid van die verbruiker om toe te sien dat sy posadres en ander kontak besonderhede korrek is.

7.4.5 Ingeval rekenings nie ontvang is nie, berus die verantwoordelikheid by die verbruiker om tydig te betaal.

7.4.6 Die betaaldatum word op die rekening aangedui en is onder normale omstandighede soos volg:

(a) Maandelikse rekeninge is betaalbaar voor of op die 15de dag, of die eerste werksdag daarna indien dit op ‘n naweek of ‘n

openbare vakansiedag val, van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan die rekening gelewer is.

(b) Jaarlikse rekeninge is betaalbaar binne ‘n tydperk van drie (3) maande vanaf die datum waarop sodanige gelde verskuldig en betaalbaar geword het.

(c) Rekenings van raadslede en werknemers word maandeliks van hul salarisse/toelaes verhaal.

7.4.7 Indien ‘n rekening nie ten volle betaal word nie, sal geen kleiner bedrag wat aangebied en aanvaar word as die finale betaling van die betrokke rekening geag word nie.

7.4.8 Waar enige betaling wat per verhandelbare instrument aan die munisipaliteit of sy gemagtigde agent gedoen word, later deur die bank geweier word:

(a) mag die munisipaliteit of sy gemagtigde agent die gemiddelde bankkoste wat ten opsigte van die geweierde verhandelbare instrumente aangegaan is, van die rekening van die verbruiker verhaal;

(b) moet die munisipaliteit of sy gemagtigde agent dit as wanbetaling beskou en sal dienste slegs heraangesluit word by ontvangs van kontant of ‘n bankgewaarborde tjek;

(c) mag daar op kontantbetalings vir alle toekomstige rekenings aangedring word.

7.4.9 Die munisipaliteit of sy gemagtigde agent moet, indien daartoe versoek en indien dit administratief moontlik is, ‘n duplikaat rekening of enige aanvaarbare alternatief aan ‘n verbruiker uitreik teen die koste soos van tyd tot tyd deur die raad vasgestel.

7.5 Betaalfasiliteite en -metodes

7.5.1 Die munisipaliteit moet geskikte bank- en kontantfasiliteite bedryf en in stand hou, welke fasiliteite vir alle kliënte toeganklik moet wees.

7.5.2 Die munisipaliteit moet na sy goeddunke ‘n betaling tussen diensskulde toewys - ‘n debiteur wat agterstallige skuld het, mag nie spesifiseer dat

die betaling vir ‘n spesifieke gedeelte van sy of haar rekening aangewend moet word nie.

7.5.3 Die munisipaliteit mag in terme van artikel 103 van die Wet, met die toestemming van die verbruiker, ‘n werkgewer nader ten einde ‘n debiet- of aftrekorderreëling in te stel.

7.5.4 Die verbruiker moet in die verbruikersooreenkomste erken dat die gebruik van verbruikersagente in die oordrag van betalings aan die munisipaliteit op die risiko van die verbruiker sal geskied; dit geld eweseer vir die oordragtyd van die betaling.

7.6 Aanspoor maatreëls vir gereelde betalings (Bylae “B”)

7.6.1 Ten einde vroegtydige betalings aan te moedig en gereelde betalers te beloon, mag die raad van tyd tot tyd aanspoor maatreëls oorweeg as vergoeding vir gereelde betalers en betalings wat per debietorder of aftrekorder geskied.

7.6.2 Indien dit ingestel word sal die uitgawe verbonde aan die aanspoorskema in die bedryfsbegroting as ‘n addisionele uitgawe gereflekteer word.

7.7 Navrae, appèlle en diensklagtes

7.7.1 Binne die administratiewe en finansiële vermoë sal die raad die volgende voorsien:-

(a) ‘n Sentrale klagte-/terugvoerkantoor;

(b) ‘n Gesentraliseerde databasis vir klagtes, wat dit makliker sal maak om klagtes te koördineer en vinnig op te los asook om doeltreffend met klante te kommunikeer;

(c) Toepaslike opleiding vir beamptes wat met die publiek werk, ten einde kommunikasie en dienslewering te verbeter; en

(d) ‘n Kommunikasiemeganisme, ten einde die raad terugvoering te gee oor die inwerkingstelling van die Beleid insake Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldinvordering, asook ander kwessies/knelpunte.

7.7.2 Indien ‘n verbruiker oortuig is dat sy/haar rekening nie akkuraat is nie, kan hy/sy ‘n versoek aan die munisipaliteit rig dat die betrokke rekening ondersoek word, en waar van toepassing, die nodige regstellings aangebring word.

7.7.3 Die skuldenaar moet intussen ‘n gemiddelde betaal, gebaseer op vorige verbruik indien die geskiedenis van die rekening beskikbaar is. Indien geen sodanige geskiedenis beskikbaar is nie, moet die skuldenaar, sonder benadeling van sy of haar regte, voor die betaaldatum ‘n geraamde bedrag betaal, deur die munisipaliteit voorsien, tot tyd en wyl die saak opgelos word.

7.7.4 Die betrokke departement moet binne een maand ondersoek instel en die skuldenaar van die uitslag daarvan in kennis stel.

7.7.5 ‘n Verbruiker wat versuim om sodanige ooreengekome tussentydse betaling of betalings te doen, sal onderworpe wees en deel van die normale kredietbeheer en skuldinvorderings prosedures uitmaak.

7.7.6 ‘n Verbruiker mag teen die bevinding, ingevolge sub-klousule (4), van die munisipaliteit of sy gemagtigde agent appelleer.

7.7.7 ‘n Appèl en versoek ingevolge sub-klousule (6) moet binne 21 (een-en-twintig) dae nadat die verbruiker van die bevinding gemeld in sub-klousule (4) bewus geword het, aan die munisipaliteit gerig en by die munisipaliteit ingedien word en moet:

(a) die redes vir die appèl uiteensit;

(b) vergesel word van enige sekuriteit wat bepaal is vir die toets van ‘n meettoestel, indien van toepassing.

7.8 Klant bystandprogramme

7.8.1 Waterlekkasies:

(a) Indien die lekkasie aan die verbruiker se kant van die meter is, sal die verbruiker vir die betaling van die volle rekening verantwoordelik wees.

(b) Indien voldoende bewyse van herstelkoste voorgelê word, mag die munisipaliteit, na sy eie goeddunke, verligting gee.

(c) Dit is die klant se verantwoordelikheid om sy/haar verbruik te kontroleer en te moniteer.

7.8.2 Belastingkortings:

(a) Die munisipale raad mag jaarliks kortings aan bepaalde kategorieë van belastingbetalers in oorstemming met die belastingbeleid en -verordeninge van die munisipaliteit toestaan.

(b) Belastingkortings sal onderhewig wees aan bepaalde kriteria soos van tyd tot tyd deur die raad vasgestel word.

7.8.3 Reëlings vir betalings (Bylae “C”):

(a) Indien vereis moet verbruikers met agterstallige skuld instem om na vooruitbetaalmeters oor te skakel. Na installering sal die agterstallige bedrag en die koste van die vooruitbetaalmeter op een van die volgende metodes betaalbaar wees:

(i) die totaal van skuld word by die rekening gevoeg en ‘n afbetalingsooreenkoms word gereël; of

(ii) agterstallige skuld kan op die vooruitbetaal meter geplaas word en sal dan terugbetaal word, teen ‘n koers van 50% van die aankope, soos wat krag aangekoop word totdat die skuld gedelg is.

(b) Die raad hou hom die reg voor om die vereiste deposito/sekuriteit van skuldenaars wat reëlings met hom wil aangaan, te verhoog.

7.8.4 Belasting in paaiemente:

(a) Eiendomsbelasting en jaarlikse dienste moet in twaalf gelyke paaiemente betaal word, sonder enige rentekoste daarop, met dien verstande dat daar geen belasting ten opsigte van ‘n vorige periode uitstaande is nie en al die paaiemente teen die datum wat die volgende belastingsiklus voorafgaan, ten volle betaal moet wees.

(b) Die volle bedrag vir belasting en dienste sal met onmiddellike effek betaalbaar word indien enige belastingbetaler meer as drie maande agterstallig is.

7.9 Subsidie vir hulpbehoewende verbruikers (Bylae "B")

7.9.1 'n Basiese vlak van dienste sal aan kwalifiserende huishoudings verskaf word en wat verder 'n totale bruto inkomste wat minder is as 'n voorafbepaalde bedrag verdien en aan spesifieke kriteria wat van tyd tot tyd deur die raad bepaal word, voldoen.

7.9.2 Subsidies aan hulpbehoewende verbruikers sal gefinansier word van die gelyke deel bydrae wat van die fiskus van die Nasionale Regering bygedra word en wat in die munisipale begroting voorsien word. Die subsidie kan slegs na die kwalifiserende verbruikers se rekenings gekrediteer word totdat die bedrag deur die munisipaliteit vanaf die Nasionale Regering ontvang vir hierdie doel uitgeput is, waarna geen verdere krediete toegestaan sal word nie totdat verdere nasionale fondse vir die doel ontvang word.

7.9.3 Die dienste wat gesubsidieer word, is belastingkoerse, elektrisiteit, riolering, vullisverwydering, water en perseelhuur.

7.9.4 Indien 'n verbruiker se verbruik of gebruik van 'n munisipale diens minder as die gesubsidieerde bedrag van die diens is, word die subsidie beperk tot die kleiner bedrag. Die ongebruikte gedeelte, indien enige, mag nie deur die verbruiker opgeloop word nie en sal dit nie die verbruiker die reg op kontant of 'n korting ten opsigte van die ongebruikte gedeelte gee nie.

7.9.5 Indien 'n verbruiker se verbruik of gebruik van 'n munisipale diens die gesubsidieerde diens oorskry, sal die klant verplig wees om teen die toepaslike koers vir sodanige oormatige verbruik te betaal.

7.9.6 Ten einde verdere eskalasie van skuld te beperk, sal die verbruike van alle verbruikers wat vir 'n deernis subsidie kwalifiseer, beperk word.

7.9.7 Indien van toepassing sal die verbruikers van 'n gedeelte van hulle skuld vrygestel word.

7.9.8 Waar die rekening van ‘n verbruiker wat vir ‘n deernis subsidie kwalifiseer, volopbetaald is tydens die aansoek of hy/sy op ‘n gereelde basis die rekening ten volle betaal, kan die beperking op verbruik opgehef word.

7.9.9 ‘n Verbruiker wat vir ‘n deernis subsidie kwalifiseer moet aansoek doen om de-registrasie deur die munisipaliteit of sy gemagtigde verteenwoordiger indien sy/haar omstandighede sodanig verander het dat hy/sy nie langer aan die subsidie vereistes voldoen nie.

7.9.10 ‘n Deernis verbruiker kan enige tyd vir de-registrasie aansoek doen.

7.9.11 ‘n Lys van deernis verbruikers sal bygehou word en mag aan die algemene publiek beskikbaar gestel word.

7.10 Addisionele subsidie kategorieë

7.10.1 Die raad mag, soos van tyd tot tyd bepaal, sekere basiese verbruik van elektrisiteit en water gratis aan ‘n verbruiker voorsien.

7.10.2 Die raad mag, soos van tyd tot tyd bepaal, skenkings ten opsigte van belasting ter verligting van armoede aan bepaalde kategorieë eienaars van eiendom toestaan.

7.10.3 Afslag mag aan sportorganisasies toegestaan word, maar diensgelde moet ten minste die koste van die diens dek.

7.10.4 Afslag mag aan grootmaat-verbruikers toegestaan word om hulle aan te moedig om in Kannaland te vestig, waar dit tot voordeel van die gemeenskap sal wees.

7.11 Verbruiker kategorieë

7.11.1 Verbruikers sal in terme van spesifieke klassifikasies gekategoriseer word wat onder andere gebaseer is op die tipe onderneming, toepaslike tariewe en die risiko verbonde aan dienslewering. Krediet kontrole prosedures, skuldinvordering en kliëntesorg mag van kategorie tot kategorie verskil soos van tyd tot tyd deur die Munisipale Bestuurder bepaal.

7.12 Voorkeur verbruiker bestuur

7.12.1 Bepaalde verbruikers kan as voorkeur verbruikers geklassifiseer word na aanleiding van kriteria van tyd tot tyd deur die Munisipale Bestuurder bepaal, soos onder andere die aantal eiendomme besit en volume verbruik.

7.12.2 ‘n Bepaalde munisipale amptenaar sal aangewys word om na die belange van die voorkeur verbruikers om te sien en sal take soos die nagaan van maandelikse rekeninge vir akkuraatheid, monitering van tydige betaling en beantwoording van navrae uitvoer.

8. KREDIETBEHEERBELEID

8.1 Doelwit

8.1.1 Om prosedures in te stel wat die invordering van skuld en behaling van diensvoorsienings mikpunte sal verseker en die eskalering van agterstallige skuld sal voorkom.

8.1.2 Om finansiële ondersteuning en voorsiening van basiese dienste vir die armlastiges van die gemeenskap te fasiliteer.

8.1.3 Om aanmoedigende maatreëls vir die tydige betaling daar te stel.

8.1.4 Om risikos te beperk deur middel van effektiewe bestuurs hulpmiddele.

8.2 Diensaansoeke en -ooreenkomste

8.2.1 Daar sal van alle verbruikers van dienste vereis word om ‘n ooreenkoms te onderteken wat die lewering en koste van munisipale dienste reguleer. Eienaars kan ‘n huurder toelaat om ‘n afsonderlike ooreenkoms met die munisipaliteit aan te gaan, wat die munisipaliteit mag aanvaar. Indien ‘n huurder hom-/haarself aan wanbetaling skuldig maak, is die eienaar as laaste uitweg aanspreeklik, behalwe waar die betrokke eiendom deur die raad besit word.

8.2.2 Voor die ondertekening van dié ooreenkomste is die eienaars en/of huurders op versoek daarop geregtig om die beleidsdokumente van die raad te ontvang.

8.2.3 By die ondertekening van die ooreenkoms sal die eienaars en/of huurders ‘n afskrif daarvan ontvang.

8.2.4 In die ooreenkoms moet klante, in geval van wanbetaling, aanspreeklikheid erken vir invorderingskoste, rente en boetes.

8.2.5 Bestaande verbruikers van dienste kan versoek word om nuwe ooreenkomste, soos van tyd tot tyd deur die Munisipale Bestuurder bepaal, te onderteken.

8.2.6 Indien ‘n verbruiker in gebreke bly om sodanige ooreenkoms met die raad aan te gaan, of om sekuriteit, soos in klousule 8.6 omskryf, te verskaf, mag die raad:

(a) die betrokke verbruiker aanspreeklik hou vir alle uitstaande diensteskulde teen die eiendom; en/of

(b) die dienste te beperk of te staak.

8.3 Reg van toegang tot persele

8.3.1 Die eienaar en/of bewoner van ‘n perseel moet ‘n gemagtigde verteenwoordiger van die munisipaliteit te alle redelike tye toegang tot die perseel gee sodat laasgenoemde enige meter of diensaansluiting kan lees, inspekteer, installeer of herstel of die voorsiening van enige diens kan ontkoppel, staak of beperk of heraansluit.

8.3.2 Die eienaar is aanspreeklik vir die koste van die verskuiwing van ‘n meter indien bevredigende toegang nie moontlik is nie.

8.3.3 Indien ‘n persoon nalaat om aan enige vereistes te voldoen, mag die munisipaliteit of sy gemagtigde agent:

(a) sodanige persoon by wyse van ‘n skriftelike kennisgewing versoek om op sy/haar eie koste toegang binne ‘n spesifieke tydperk te herstel.

(b) toegang sonder vooraf kennisgewing herstel en die koste van die betrokke persoon verhaal, indien van mening dat dit ‘n dringende saak is.

8.4 Afdwingings meganisme

8.4.1 Rente kan gehef word in terme van toepaslike wetgewing as ‘n koste op alle rekeninge wat nie betaal is teen die betaaldatum nie.

8.4.2 Die munisipaliteit sal die reg hê om die dienste te beperk, staak of om enige ander skuldinvorderings aksies in te stel as gevolg van die laat of nie betaling van rekeninge wat betrekking het op enige verbruiker, eienaar of eiendom.

8.5 Diefstal en bedrog

8.5.1 Indien daar bevind word dat enige persoon (natuurlik of juridies) onwettig aan munisipale dienste gekoppel of herkoppel is, of dat hy/sy met meters, die benettingsnetwerk of enige ander toevoertoerusting gepeuter het, of enige ongemagtigde diens geassosieer met die lewering van munisipale dienste gelewer het, of raadseiendom gesteel of beskadig het, sal hy/sy vervolg word en/of aanspreeklik wees vir boetes, soos wat van tyd tot tyd bepaal word.

8.5.2 Die raad sal die lewering van dienste aan ‘n klant onmiddellik beëindig en/of verwyder indien bogemelde handeling waargeneem word.

